

**9 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 10:1-33**

**Fokusgedeelte: Handelinge 10:28**

### **Vooroordele is struikelblokke**

Die Joodse volk het met baie vooroordele geworstel aangesien hulle hulself verhewe bo onder mense geag het. Hulle wou nie met mense van ander volke omgaan of selfs in hulle huise kom nie, omdat hulle as onheilig beskou is. Hierdie gesindheid is egter 'n struikelblok in die weg van die uitbreiding van God se koninkryk. Dit is die rede waarom die Here vir Petrus deur middel van 'n dramatiese nagtelike gesig, asook 'n ontmoeting met Kornelius, tot ander insigte gebring het. Wanneer God iemand vir hom afsonder (*heilig*), mag geen menslike vooroordeel God se werk belemmer nie.

Dit is 'n baie ernstige waarskuwing aan ons om nie onsself bo ander mense of volke te verhef nie. God se genade maak jou nie hoogmoedig nie, maar nederig diensbaar aan sy koninkryk. Ons mag mense dus nie meer op hulle "uiterlike" beoordeel en volgens eie voorkeure van die koninkryk van God distansieer nie. God se heiligung is nie 'n saak van die uiterlike nie, maar word in die innerlike vernuwing van die mens se hart sigbaar. God se genade is deurslaggewend en nie die persoon se volkskap nie.

God neem die struikelblok van vooroordeel uit die apostel Petrus se hart weg, sodat mense van heidense volke wat ook deur God geheilig is, onder die geklank van sy Woord gebring kan word. Worstel ons ook met struikelblokke van vooroordeel in die hart of is ons in ons verhouding met mense van ander volke nederig diensbaar aan God se koninkryk?

Sing: Psalm 47:1,4

Ds IW Ferreira (Magol)